NATIONAL TREASURY

Die publiek se gids...

# 2008 BEGROTING



## Wat is die Nasionale Begroting?

**Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se spanderings-, belasting- en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Dit dui aan hoe die regering geld gaan invorder en hoe dit spandeer gaan word. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.**

# Trotseer die uitdagings-belê in groei

Wêreldwye ekonomiese groei is aan die af neem met gepaardgaande onsekerheid in die globale markte. Hierdie jaar gaan die wêreldekonomie waarskynlik stadiger groei as enige tyd sedert 2001. Suid-Afrika se ekonomie sal geaffekteer word deur dié afname, maar ons ekonomie het 'n sterk basis, openbare finansies is gesond, belegging neem toe en die langtermyn vooruitsigte vir groei is gesond. Ons sal moet skouer aan die wiel sit.

Ons ekonomie het die langste periode van ekonomiese uitbreiding in meer as 50 jaar beleef deur gemiddelde groei van 5 persent 'n jaar oor die laaste vyf jaar. Sedert 2001 het ons ongeveer 1.5 miljoen werksgeleenthede geskep.


As gevolg van vinnige ekonomiese groei en deeglike bestuur van openbare finansies, het regeringsbesteding aansienlik versnel sedert 2001, baie vinniger as die ekonomie. As gevolg daarvan was ons in staat om meer hulpbronne vir onderwys, gesondheid, maatskaplike toelaes, behuising, polisieëring, openbare vervoer, stadions, paaie en gevangenisse te voorsien.

Aangesien die ekonomie vinniger gegroei het, het ons voor sekere beperkinge te staan gekom. Die tekort aan bekwame persone, onvoldoende elektrisiteit, verkeersopeenhopings en sement tekorte is alles tekens dat die ekonomie sy spoedbeperking bereik het. Om vinniger te groei sal ons selfs meer moet belê in vaardighede, in infrastruktuur, in masjinerie en toerusting, in paaie en openbare vervoer.

As gevolg van hierdie beperkinge en as gevolg van die verswakte globale omgewing, sal ons ekonomie waarskynlik afneem tot omtrent 4% tot 4½% 'n jaar vir die volgende drie jaar. Dit is stadiger as die vorige vyf jaar maar is steeds gesonde groei vir 'n land soos Suid-Afrika. En meer belangrik, ons sal voortgaan om te belê vir die toekoms.

Oor die volgende drie jaar ken die 2008 Begroting meer geld toe aan die uitbreiding van maatskaplike toelaes vir mans tussen die ouderdomme van 60 en 64, verhoog die dekking van die skoolvoedingsprogram, verbeter die toestande van skole en hospitale, versnel die voorsiening van water en sanitasie, belê in openbare vervoer, verhoog salarisse van onderwysers en verpleegsters, vermeerder die aantal aanklaers en magistrate, brei die kapasiteit van gevangenisse uit, moedig persone aan om elektrisiteit te bespaar, en verstewig ons handel en uitvoere. Ons neem ook stappe om die regering beter te laat werk vir die publiek en om meer waarde toe te voeg vir elke rand wat spandeer word.

Deur beter resultate te verkry van openbare besteding en deur hoër vlakke van investering kan ons die groeikoers van ons ekonomie verhoog na 6%. Ons het baie werk om te doen. Die basis van ons ekonomie is sterk en sal getoets word oor die volgende jaar of twee. Met die regte beleid en harde werk deur alle Suid-Afrikaners kan ons selfs vinniger groei en 'n groter verskil maak aan die lewens van alle mense.




## Begrotingshoogtepunte

**Die vernaamste veraderinge aan die begroting oor die volgende drie jaar:**

### Bestedingshoogtepunte

- R12 miljard meer vir maatskaplike toelaes
- R7.6 miljard meer vir openbare vervoer, paaie en spoorinfrastruktuur
- 'n Addisionele R8.7 miljard vir behuising, water en algemene bouwerk
- R2 miljard meer vir 2010 Wêreldbeker stadions en verwante infrastruktuur
- 'n Addisionele R6.7 miljard vir HIV en Vigs, hospitale en tersiêre dienste, multi middelweerstandige tuberkulose en uitgebreide middelweerstandige tuberkulose
- R2.5 miljard vir industriële ontwikkeling en klein en medium ondernemings (KMOs)
- R2.6 miljard meer vir landbou en grondhervorming
- R2.7 miljard meer vir forensiese laboratoriums en addisionele polisie personeel
- R2 miljard meer vir korrektiewe fasiliteite
- R1.4 miljard meer vir hoër onderwys, navorsing en kennisontwikkeling

### Belastingvoorstelle

- Totale belastingverligting vir individue van R7.7 miljard
- Maatreëls om werkgewers aan te moedig om beurse aan kinders van hul lae en medium inkomste werknemers te voorsien
- 'n Afname in die korporatiewe inkomste belasting koerse van 28 persent
- 'n Vereenvoudigde belastingsstelsel vir klein besighede
- R5 miljard in belastingsubsidies opsygesit oor die volgende vyf jaar om beleggings in werksintensiewe industrieë te ondersteun en om die regering se industriële beleid te ondersteun
- Brandstof (petrol en diesel) belasting sal toeneem vanaf 2 April 2008 teen 11 sent per liter
- 'n Pakkie van 20 sigarette sal 66 sent meer kos
- 'n 750 ml bottel wyn sal 9 sent meer kos
- 'n 340 ml blikkie bier sal 7.2 sent meer kos, en
- 'n 750 ml bottel drank (spiritualië) sal R2.17 meer kos.

# Die 2010 FIFA Wêreldbeker: Afskopvoorbereiding

Suid Afrika se planne vir die 2010 FIFA Wêreldbeker word tans vinnig uitgerol. Ons bou stadions, opleidingsfasiliteite, bewonderaarsparke en publieke besigtigingsuitkykpunte en ons verbeter die openbare vervoer infrastruktuur. Ons beplan vir elke aspek van die geleentheid - van elektrisiteitsvoorsiening tot uitsending en telekommunikasie, besoekersakkommodasie, toerisme en bevordering en voorkomsverbetering van stede. Ons beplan gesondheids- en rampnoodlenigingsbestuur, gebeurlikheidsbediening, beveiligings - en beskermingsdienste, vrywillige opleiding en werwing, omgewingsrehabibitasie en afvalbestuur, geleentheidskommunikasie, erfenis en kuturele bedrywighede.


Vyf stadions word in Kaapstad, Johannesburg, Mbombela, Nelson Mandela en eThewini gebou. Konstruksiewerk het in 2006 begin. Vyf stadions word in Johannesburg, Manguang, Polokwane Rustenburg en Tshwane opgegradeer. Die opgraderingsproses het in September 2007 begin.

Konstruksiewerk van die nuwe stadions skep nagenoeg 170 000 tydelike werksgeleenthede.

Die staat het aanvanklik R8.4 miljard toegeken vir die bou en opgradering van hierdie stadions. Knap spertye was egter daargestel. Stadions wat vir die Konfederasiebeker benodig word moet klaar wees teen Desember 2008 en die 2010 stadions moet klaar wees teen Desember 2009.

Om hierdie knap sperdatums na te kom, wat vereis het dat kontrakteurs vinniger moes werk en op koste toenames te reageer, is R1.2 miljard addisioneel toegeken, wat die totale bedrag wat vir stadions voorsien is op R9.6 miljard te staan bring. Bykomend daartoe is 'n totaal van R9 miljard toegeken aan openbare vervoerprojekte verwant aan die Wêreldbeker.

Gasheerstede sal ook befonsding van R684 miljoen ontvang om werksaamhede te onderneem gedurende die 2009 Konfederasiebeker en 2010 FIFA Wêreldbeker.



# Toenames in maatskaplike toelaes en uitbereiding van ons toelae stelsel



Meer as 12 miljoen mense in Suid-Afrika ontvang 'n maatskaplike toelaag. Toelaes is deel van 'n veiligheidsnet wat deur die regring daargestel word om mense te beskerm gedurende kwesbare tye, soos bejaardheid en kinderdae, of as hulle ongeskik of gestremd is en nie kan werk nie. Die beskikbare toelaes is die ouderdomspensioen, ongeskikheidstoelaag (gestremdheidstoelaag), kinderondersteuningstoelaag, pleegkindtoelaag en sorgafhanklikheidstoelaag.

Die afgelope 10 jaar het die regering die dekking van kinders deur die sorgafhanklikheids-, kinderonderhouds- en pleegkindtoelaes geleidelik laat toeneem. Die kinderonderhoudstoelaag was sentraal tot hierdie poging. In hierdie begroting maak ons voorsiening vir 'n verhoging in die dekking van die kinderonderhoudstoelaag van kinders tot en met hul 15de verjaardag.

Die ouderdomspensioen is een van die hoof pilare van ons maatskaplike stelsel. Vir 'n toenemende aantal ontvangers van die ouderdomspensioen is die maandelikse oorplasing hul enigste bron van inkomste waarop hul staatmaak om kos en ander basiese benodigdhede te koop. Die 2008 Begroting maak ook voorsiening om die verlaging van die kwalifiserende ouderdom vir mans van 65 na 60 jaar in te faseer, wat dieselfde is as vir vroue.

In 2008/09 sal die totale spandering aan toelaes toeneem tot R69 miljard, wat 10% van total regeringsbesteding is. Dit maak Suid-Afrika een van die wêreld se grootste spandeerders aan maatskaplike toelaes.

Die toename in maatskaplike toelaes vir hierdie jaar is as volg:

- Die ouderdomspensoien, ongeskikheids- en sorgafhanklikheidstoelaes groei van R870 tot R940 'n maand.
- Die kinderonderhoudstoelaag groei van R200 tot R210 'n maand op 1 April 2008, en van R210 tot R220 'n maand op 1 Oktober 2008
- Pleegkindtoelaes groei van R620 tot R650 'n maand.

Baie ander regeringsprogramme ondersteun kwesbare huishoudings. Kinders wat maatskaplike ondersteuning ontvang, hoef nie skoolgelde te betaal nie. Kinders wat nie 'n toelaag ontvang nie kan ook vrygeskeld word van die betaling van skoolgelde afhangend van hul ouers se vlak van inkomste. Alle kinders onder die ouderdom van 6 is geregtig op vry primêre gesondheidssorg. Alle beginstigdes van maatskaplike toelaes wat nie lede van 'n private mediese fonds is nie, word ten volle gesubsidieer om gesondheidsdienste by openbare hositale te ontvang.

## Belegging in elektrisiteit

Eskom besit 26 kragstasies met 'n kapasiteit om 37 761 megawatts (MW) elektrisiteit in totaal op te wek. Slegs 35 436 MW is egter normaalweg beskikbaar met 2 325 MW vir uitsluitlike gebruik gedurende spitstye.

As gevolg van die toenemende elektrisiteit aanvraag funksioneer Eskom se verouderde aanlegte op maksimum kapasiteit wat dikwels tot toerusting wat faal lei en is minder elektrisiteit beskikbaar vir die nasionale rooster wat krag aan Suid-Afrika voorsien. Tesame met verminderde kapasiteit wanneer aanlegte afgeskakel word vir onderhoudsdienste, beteken dit dat Eskom nie in staat is om voldoende elektrisiteit op te wek om in die aanvraag van huishoudings en die industrie te voorsien nie. Die gevolg is kragonderbrekings.

### Kapitaalbelegging

In 'n poging om die ernstige elektrisiteit voorsienings tekorte aan te spreek, onderneem Eskom - wat deur die regering besit word - om ongeveer R342 miljard oor die volgende 5 jaar in nuwe kragaanlegte te bêle.

**Korttermyn kapasiteitsuitbreiding sluit in:**

- Hergebruik van die dienste van drie kragstasies wat lank in onbruik was - Camden, Komati en Grootvlei - wat gesamentlik 'n addisionele 3677 MW voorsien.
- Oprigting van twee gasaangedrewe kragaanlegte - oopsiklus gas turbine in Mosselbaai en Atlantis. Dit sal 'n addisionele 1042 MW voorsien.
- Die Gas 1 projek, wat 'n verdere 1036 MW in kapasiteit sal bydra tot die reeds voltooide oop siklus gas turbine aanlegte.

**Langtermyn kapasiteitsuitbreiding sluit in:**

- Konstruksie van 'n pomp bergingsprojek, Ingula, in Noord-Kwazulu Natal. Ingula sal 331 MW in elektrisiteit teen 2012 opwek en ‘n verdere 993 MW teen 2013.
- Die oprigting van 'n nuwe kragstasie, Medupi by Lephalale. Dit sal 'n addisionele 4 788 MW elektrisiteit opwek met die eerste opwekkingseenheid beskikbaar teen die begin van 2012 en die laaste een teen 2016.
- Ontwikkeling van Projek Bravo naby Witbank wat 'n verdere 4 818 MW sal opwek. Die eerste opwekkingseenheid sal in werking wees teen Julie 2012 en die laaste eenheid in Desember 2015.
- ‘n 100 MW windplaas aan die Weskus voltooi teen 2010.

Tesame sal daardie belggings Suid-Afrika se langtermyn kapasiteit vermeerder om krag aan huise en besighede te voorsien. Die elektristeitskrisis toon voorts die behoefte vir almal van ons om elektrisiteit meer spaarsamig te gebruik en effektief aan te wend.

